VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

06 MEI 2020
HERDERSBRIEF #17B

Geliefde gemeente,

'n Vraag wat onwillekeurig by my opkom: in hoe 'n mate gelowiges toegerus is om te kan bid. Hoeveel mense betrokke by EKD bidders is? Die Skrif het duidelike riglyne wat gebed en die lewe van 'n bidder, omskryf.

Jesus het Homself dikwels in afsondering, aan die samelewing onttrek om te bid. By een geleentheid het Hy gedurende die nagtelike ure gebid, voordat Hy die 12 apostels aangewys het – ***Luk. 6:12***. Dit dui net op een boodskap naamlik: *Hy het God die Vader geraadpleeg* en noukeurig elke apostel aangewys. Sy afsondering ter voorbereiding van Sy kruisdood, is 'n duidelike bewys van Sy gebedslewe – ***Luk. 22:44***. **Wie van ons kwalifiseer as bidders?**

'n Ander voorbeeld wat aan ons voorgehou word is, Ananias wie in gebed was, en as gevolg daarvan kon God Saulus na hom stuur, omrede hy in gebed was en gekwalifiseer het om vir Saulus te bid en hom te doop – ***Hand. 9:10-17***

Lidia – die purperverkoopster – was 'n gereelde besoeker by die gebruiklike bidplek – ***Hand. 16:13,14***.

Daniël het drie keer per dag gebid en die venster van sy kamer in die rigting van Jerusalem oopgemaak – ***Dan. 6:11.*** Dit laat my terugdink, hoe ons as jeug van Orkney A.G.S-gemeente, Vrydagaande deur gebid het. Geen wonder dat daar soveel wonderwerke in die gemeente plaasgevind het nie. Byvoorbeeld: Koen Viëra was oombliklik van maagkanker genees. Manie de Wet, wat as gevolg van meningitis in die Klerksdorp-hospitaal in 'n koma besig was om te sterf, was oombliklik deur God genees. Baie gebeure in my eie lewe, wat plaasgevind het as gevolg van aanhoudende en voortdurende gebed. Hier dink ek aan een spesifieke geval, waar ek 9-uur die aand uit Johannesburg vertrek het, na 'n Vrystaatse dorp om 'n weduwee met wie ek uitgegaan het, te besoek. Ek het vandat ek vanaf Johannesburg vertrek het, tot-en-met ek voor haar huis geparkeer het, ononderbroke vir ure in tale gebid, dat God vir my – ten opsigte van ons verhouding – uitsluitsel moes gee of ek in die wil van die Here was.

My gedagtes gaan ook vêr terug, na die omstandighede en betrokke persone wie vervul is met die Heilige Gees, as gevolg van ernstige gebed. Sonder gebed is die moontlikheid om vervul te word met die Heilige Gees, maar skraal. Volgens ***Hand. 19:1-6*** is dit vir gelowiges noodsaaklik om vervul te word met die Heilige Gees. Sonder die invulling, en hervulling van die Heilige Gees maak dit vir ons almal baie moeilik om God – ooreenkomstig Sy spesifieke wil – heelhartig te dien.

Ek glo dat hierdie tyd van inperking, ruimhartiglik vir ons die geleentheid skep, om te bid. Die Skrif leer ons baie duidelik dat ons ***sonder ophou moet bid*** – ***1 Thess. 5:17***. Dieselfde Skrif leer ons ook dat ons nie sal ontvang nie omrede, ons verkeerd bid om dit in ons wellus deur te bring – ***Jak. 4:3***. So dikwels bid mense verkeerd met die verwagting dat eie wil, eie krag, eie behoeftes, eie begeertes, eie belang, gedien sal word.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335